

Bries Breeze

APRIL 2004

ROOIELS BELASTINGBETALERSVERENIGING (REBV) POSBUS 89 BETTYSBAAI 7141
ROOIELS RATEPAYERS' ASSOCIATION (RERA) PO BOX 89 BETTY'S BAY 7141

Op Rooiels leef ons na aan die elemente. Mens is hier des te meer bewus van water, wind, aarde.. en nou ook vuur. 'n Veldbrand het op Vrydagnag 30 Januarie oor die kleinhoewes aangewaai gekom en alles - ook Klein-Hangklip swart en weerloos agtergelaat.

Die vuur het die sondes van vele jare blootgelê. Daar's diep letsels, spore waar voertuie meer as 15 jaar gelede onwettig die veld platgery het in hul ywer om kreef en perlemoen uit te haal. Daar lê bierbottels, wynbottels, ondermaat perlemoen-skulpe, stukke afval-yster en waterpype wat argeloos agtergelaat is. Die veld het vergewe maar nie vergeet nie.

Die vuur leer ons hoe skielik en onverwags die dood kan kom, oor die verganklikheid van alles. Ek klim Klein-Hangklip uit en tel 'n wit dassie skedel op onder die arende se nes. Op die kaal aarde sien ek al die mooi klippe vir die eerste keer raak - elkeen uniek gevorm en geverf. Daar's dinge wat onvernietigbaar is. Dit is ook so met die gees en waardes van Rooiels.

Teer klein plantjies kom orals op. Hulle wonder nie of hul die hitte en wind gaan oorleef nie. Hulle groei en floreer eenvoudig net, sonder om te wroeg oor die volgende vuur of oor 'n ontwikkelaar se stootskraper. Hulle doen net dit wat hulle kan, altyd getrou aan die lewe. Hoop kom in klein dingetjies. Skielik besef ek dat dit nie gaan oor die uiteinde nie (waar is die einde in elk geval?) maar om daardie klein dingetjies te doen wat ek kan, om die wêreld net 'n fraksie beter agter te laat. Iets kleins en ongesiens soos om 'n Rooikrans saailing uit te trek, 'n bottel te herwin, 'n strooitjie op die strand op te tel, 'n swarttobie te versorg, 'n brief te skryf of aan die Bewarea deel te neem. Die wêreld word verander deur klein dingetjies.

Ek sien dat iemand op Rooiels bietjie vir bietjie begin het om die bottels en ander rommel uit die swart veld op te ruim. Want dit is 'n tyd van weer begin. Die siklus van dood en nuwe lewe begin weer van vooraf. En ons het die geleentheid om dit beter te doen die keer.



ESTELLE RAYMOND (REDAKTEUR)

FROM THE ASHES - BRUNSVIGIA ORIENTALIS

FROM THE CHAIR

A major feature of the landscape of Rooiels is community participation. We are a community with diverse views and the ability to express them vigorously! A uniting vision is that of conservation of our natural environment and perhaps also our quiet way of life.

In order to support this interest in Rooiels, RERA organised a series of workshops last year to involve the community in issues around the vision and the conservancy. Both tasks are ongoing.

The new RERA committee is hoping to support this interest in Rooiels with two new initiatives. The first is an open invitation to all Rooielsers to meet the new Executive personally, together with their vital links to the Ward Committee process through Estelle Raymond and the Conservancy through their interim steering committee.

The second initiative is an attempt to achieve better participation in portfolios held by Executive Members, so that decision-making can benefit from the ideas of others. Each portfolio holder has compiled objectives for their area of responsibility and issues of concern within the portfolio. Rooielsers are asked to e-mail or mail their ideas and concerns to the relevant portfolio holder directly. We are hoping the debate will be as interesting as the views held.

JULIA AALBERS

RERA EXCO & COMMUNITY REPRESENTATIVES

HACKS & WASTE REMOVAL:

Shirley Richter - Tel: 028-273 8027 or irichter@mweb.co.za

- To maintain cleared public areas
- To offer an alien plant removal service to plot owners, ensuring that as much of the fynbos is retained as possible
- To liaise with job creation projects such as PROTEA
- To ensure accessible and affordable waste removal and recycling in Rooiels

CONSERVATION:

John Hoffman - Tel: 021-650 3400 or hoff@botzoo.uct.ac.za

- To support the registered Conservancy and the Rooiels Nature Reserve Advisory Committee
- To engage with homeowners regarding conservation priorities, such as removal of invasive alien vegetation and the proposed marine reserve

ROADS & SECURITY:

Rob Fryer (Secretary RERA) - Tel: 028-273 8059 or fryer.rob@worldonline.co.za

- To improve traffic calming throughout the village
- To maintain the character of Rooiels road system
- Paving of Roella Rd and Porter Drive to speed bumps
- Maintenance of road verges by landowners
- Defining through-fares and lesser roads

COMMUNICATION:

Julia Aalbers (Chairperson) - Tel: 021-976 4378 or jaalbers@icon.co.za and
Andreas Claassens (Vice- Chairman) - Tel: 028 273 8472 or comzone@global.co.za

- To ensure ongoing dialogue with all interest groups

TREASURER:

Shirley Richter - Tel: 028-273 8027

SMALLHOLDING & COUNCIL LIAISON:

Mike Harrison - Tel: 028-273 8569

- Liaison with smallholdings
- Monitoring of Council decisions

FEDERATION OF RATEPAYERS:

Shirley Richter - Tel: 028-273 8027

- To participate and support the Federation in its actions in the interest of the Hangklip communities

BUILDING:

Grizelda Hall - Tel: 021-674 4637

- To promote appropriate land use in the village so as to minimise building impact on the environment
- To promote consultation with neighbours when new buildings are envisaged

CBD:

Hettie Claassens (*ad hoc*) - Tel: 028-273 8472

- To develop and maintain attractive entrance

TOLL ROAD WATCH:

Geoff Harris (*ad hoc*) - Tel: 028-273 8164

SECURITY SUPPORT:

Basil Moss (*ad hoc*) - Tel: 0832800163

- Liaison with private sector security firms

BREEZE:

Estelle Raymond - Editor (co-opted) - Tel: 0832309658

WARD COMMITTEE:

Estelle Raymond - Tel: 0832309658

- To improve relationships with other communities
- To take budget requests to Ward Committee
- To provide Rooiels input to joint decision-making regarding the Ward.



DIS AMPTELIK: ONS IS 'N BEWAREA!



"EK WIL GRAAG DIE GELEENTHEID NEEM OM JULLE LEDE WAT GESAMENTLIK DIE VERANTWOORDELIKHEID AANVAAR HET, OM NATUUR- EN OMGEWINGS-BEWARING OP HUL EIENDOMME TE BEVORDER, GELUK TE WENS. ONS IS OORTUIG DAT DIE BEWAREA-KONSEP IN DIE WES-KAAP SAL GROEI EN FLOREER.

DIE GESAMENTLIKE TOEWYDING EN INSPANNING VAN GRONDBESITTERS SOOS JULLE SAL UITEINDELIK 'N BEDUIDENDE ROL SPEEL IN DIE BEWARING VAN ONS NATUURLIKE ERFENIS WAT TOT DIE VOORDEEL EN DIE PLESIER VAN HUIDIGE EN TOEKOMSTIGE GESLAGTE SAL WEES. ONS WENS DIE ROOI ELS BEWAREA ALLES VAN DIE BESTE"

Met hierdie fantastiese woorde word ons BEWAREA deur die Hoofuitvoerende beampste van Kaap Natuurbewaring gedoop! En dit alles te danke aan almal wat die idee ondersteun en almal wat hulle insette gemaak het. Daar was hard gewerk oor die laaste twee jaar, maar, siedaar, die Bewarea is 'n werklikheid. Die oorspronklike idee om so 'n tipe bewaringsbeweging in die dorp te stig, kom al 'n lang pad.

DIE EERSTE ALGEMENE VERGADERING VAN DIE BEWAREA VIND PLAAS OM 11HOO OP SATERDAG 1 MEI BY 164 PRIESTLEYAWEG, (DEBBY SE HUIS), WAARTYDENS 'N BESTUURSKOMITEE GEKIES SAL WORD. ALMAL IS BAIE WELKOM.

THE ROOI ELS CONSERVANCY IS GROWING FAST

Fifty-eight properties are now subscribed to the Conservancy. It is hoped that the number will grow. Now, more than ever, we need your ideas and input as regards how to manage the Conservancy so that more and more people adopt the Conservancy lifestyle. Rooi Els could become the prime example of how a community can solve the challenges that living with nature provides to the benefit of humans and nature. It is hoped that this small beginning will flourish so that we can share with all, the glory of this unique biome and hold it safe for those who come after us.

Someone once said: People can be divided into three groups those who make things happen, those who watch things happen and those who wonder what happened. Let's be joyful that Rooi Elers are the ones who make things happen. A big thank you is due to all of you who have made it happen and welcome to all who are yet to join and who will help to continue the work that has been started.

DEBBY DE VRIES (028) 2738 037 / CHRIS BURLOCK (028) 2738 278

AN INVITATION TO ATTEND THE FIRST GENERAL MEETING OF THE CONSERVANCY IS EXTENDED TO ALL : TO BE HELD AT 11HOO, SATURDAY 1ST MAY AT 164 PRIESTLEYA ROAD, (DEBBY'S HOUSE), AT WHICH THE CONSERVANCY MANAGEMENT COMMITTEE WILL BE ELECTED.

"WHO OWNS THIS LANDSCAPE?
HAS OWNING ANYTHING TO DO WITH LOVE?
FOR IT AND I HAVE A LOVE AFFAIR, SO NEARLY HUMAN WE EVEN HAVE QUARRELS."

-NORMAN MC CAIG



DIE BRAND VAN 30 JANUARIE

In hierdie geweste ruik mens dikwels die rook in die lug lank voor jy die vuur sien en op daardie Vrydagmiddag het die rook dik in die lug gehang bokant Pringlebaai se afdraai-pad. Teen die aand het ons die vuur oor die berg sien klim, aangehits deur 'n matige Suid-Ooster. Die brandslaners het van heinde en verre gekom om te help. Natuurbewaring het besluit om die vuur sy gang te laat loop, oor die kleinhoewes oppad Rooi Els toe. Die huise moes net beveilig word.

Maar 'n brand laat hom nie voorsê nie. In die vroeë oggend-ure het die vuur die Suidelike rand van die dorp bereik. Sommige mense het hul honde in hul motors gelaai en weg geparkeer van die gloeiende as en vonke wat die vuur vooruitgeloop het. Mense het egter gebly en hulle huise beskerm. Die brandslaners het hard gewerk en voorbrande is op verskeie plekke gemaak, op presies die regte tye. Teen dagbreek was die vuur hoofsaaklik geblus en die bergreeks na Pringlebaai was 'n grys maanlandskap. Slange, skilpaaie en klein gediertetjies het die prys van die vuur betaal, maar die voëls en kleinwild het vermoedelik weggekrom.

The recovery of nature started immediately and the wetland on Erf 324 started sprouting greenly within days. Soon people found species blooming that are only seen after fires. There is the photographic documentation of this recovery at the Biosphere Eco Center, contrasted with the photos of the spectacular fires raging on Klein Hangklip that night. Regeneration is everywhere in evidence.

EVETTE WEYERS

WHAT IT WAS LIKE FIGHTING THE FIRE

I arrived from Cape Town just before sunset to help. I joined a Working on Fire crew near Pringle Bay for about an hour until they were recalled and then watched a Cape Nature Conservation crew making a fire break around Dr. Greeff's house beside Clarence Drive. After that I went to Rooiels where CNC were preparing fire breaks above the town. I took lots of photographs as I followed the crew up Klein Hangklip from the Niemeyer's house till they had completed the firebreak at about three in the morning. Then I went down to the southern coastal edge of the town as the fire came in from the south. I saw a raging inferno approaching Mike Harrison's house which stands on it's own on the coastal plain south of Rooiels. I heard from Frank and Estelle Raymond that he was there on his own and so I went to find out if he was doing OK. On the road out I came across three firemen and we tried to get through to Mike's house on his driveway. However the intense heat and smoke were too great and we had to turn back. The firemen returned to Rooiels and I waited until it was clear enough to get through.

After reaching Mike's house I was amazed by the calm manner in which he fought the fire. He had a bandana over his mouth and a garden hose in his hand and he was watering the fire as if he were gardening on a lovely sunny Sunday afternoon. He had been on his own when the inferno I saw from Rooiels had swept in but now we both fought it as the fire arced round to the west of his house. Even though I was fairly well equipped with protective gear the heat, smoke and showering sparks were at times overwhelming. We took it in shifts to control the fire with a bucket and a hose until dawn when it finally abated. Mike's water pressure had been poor all through the fire and just before I left we discovered that the heat had ruptured his plastic water mains pipe. Walking up Mike's driveway back to Rooiels I was struck by the devastated landscape all around me. Small patches were still burning on the Klein Hangklip range and the land was covered by ashes and glowing embers. The sky was almost black with smoke.

I hiked up Clarence Drive to the top of Rooi Els pass and was greeted by the sight of a whole mountain ablaze in the early morning light. Officials had decided to burn off the rest of Klein Hangklip since it no longer posed a threat to the town and needed to be burned for ecological reasons. It was all over in about 30 minutes as the fire swept up the eastern flank of Klein Hangklip and smoke billowed high into the morning air.

The next day the fire stood up outside Pringle Bay and I went to help as it spread to the west along Buffels River towards the sea. The Pringle Bay Fire Brigade were there and we managed to stop it from crossing the river and spreading into Pringle. It was over soon since the fire had no where to go as everything else had been burned up the previous day. I was then sent to Rooiels where I checked the fire line for Mark Johns of CNC and helped Frank and Estelle dousing flair ups near their house. After that I went home and rested.

JAN DEKKER: WCNCB HONORARY NATURE CONSERVATION OFFICER

HOE ONS DIE BRAND BELEEF HET



ED MC NEIL

"I fear nothing - but that night I was frightened and was ready to leave. When you hear that noise you just know you have no control. The backburn behind me lit all the houses in an orange glow. It felt like being in the middle of an inferno with fire on both sides."



HELP FROM THE
MARINES

WARNO STEENKAMP

"Nadat ons sedert 5-uur die middag van 30 Januarie die vordering van die brand angstig gevolg het, beland ons ná 12 die nag op ons stoep, en wag ons lot af. Ons maak solank 'n botteltjie wyn oop want die senuwees knaag. Teen 2-uur die oggend daag Jan Malan op vir morele ondersteuning, want toe kom die voorbrand van Clarence weg se kant af, en die groot brand van Pringlebaai se kant op ons af. Teen 3-uur die oggend, en na nog bietjie wyn, kom die brandslaners teen ons oprit opgejaag. Toe eers kon ons sien hoe hulle die veld aan die brand steek en agterna van die onderkant af doodslaan sodat dit berg se kant toe, weg van die huise brand. Eers toe kon ons ontspan en gaan slaap. Ons dank aan almal wat gehelp het om ons huis te beskerm."

JAN MALAN

"Ek het gesien die mense weet wat hulle doen; hulle KEN! Ek was glad nie bekommerd nie."

"IT DOESN'T INTEREST ME WHO YOU KNOW OR HOW YOU CAME TO BE HERE. I WANT TO KNOW IF YOU WILL STAND IN THE CENTER OF THE FIRE WITH ME AND NOT SHRINK BACK."

- ORIAH MOUNTAIN DREAMER:
THE INVITATION



BRANDSLANERS NEEM 'N BLAASKANS



MARTHIE HATTINGH

"Ek het twee gevoelens oor die vuur. Daar's dood en daar's weer lewe. Toe ek hier aangekom het het dit vir my gevoel soos dood. Al sewe heuwels het gesneuwel, maar hulle sal weer opstaan."

HELEN NIEMEYER

"The fire-people were absolutely fantastic. I didn't panic for one second. Jenny Stark came up to take photographs of the fire. I remember John chatting to Jenny about the leopards in the Kalahari with the fire blazing away in the background."



LOUISE DU TOIT HELP BLUS VURE WAT TELKENS WEER OPGEVLAM HET

ONTMOET VIR JAN KOEKEMOER OVERSTRAND SE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

Jan Koekemoer is 'n ervare hoof uitvoerende beampte; hy praat reguit en met integriteit. Dit is ook duidelik dat die ideaal van uitnemende plaaslike bestuur hom steeds aangryp selfs na ongeveer 30 jaar betrokkenheid in plaaslike bestuur.

Jan het aan die Potchefstroomse Universiteit studeer en daar sy B Juris voltooi, daarna sy LLB deur UNISA en sy Meestergraad ontvang aan die RAU. Later praktiseer hy in Pretoria omgewing waar hy hom veral toespits op regsaspekte van plaaslike regering.

In 1997 kom hy Kaap toe as Hoof Uitvoerende Beampte van die Suid-Skiereland se Munisipaliteit (later deel van die Kaapstad se metropool) waar hy in Tokai woonagtig was. Jan en Maresa wou graag 'n vakansiehuis in die Hermanus omgewing bekom. Skaars 5 jaar later vestig hulle hul familie in Voëlklip op Hermanus.

Jan, Maresa en klein Ernst (5 jaar) geniet die buitelewe en natuurlike omgewing. Jan ondersteun die beginsel van 'n Bewarea. Hy het in Pretoria deelgeneem aan die oprigting van een. Hy is ook 'n voorstander van die Verbeteringsdistrik-konsep, waardeur inwoners van 'n bepaalde dorp groter seggenskap en beheer kan hê oor hoe hul fondse aangewend word. Hy stel dit onomwonde dat hy glo aan die bewaring van die uniekheid en behoud van die karakter van die onderskeie dorpe in die Overstrand.



JAN, MARESA & ERNST

Jan stel sy mikpunte hoog, hy wil die beste Munisipaliteit in die land vestig met professionele amptenare wat in voeling is met die gemeenskappe aan wie dienste verrig word.

UPDATE ON ERF 324

Opposition is mounting to the proposed subdivision of the pristine slopes of Klein-Hangklip. More than a hundred objections were received in response to the developer's Environmental Impact Report. Objectors included organisations such as the Hangklip Heritage Trust, KOBIO, the Wildlife & Environmental Society, Pringle Bay Ratepayer's Association, Federation of Ratepayers' Associations, Hangklip Environmental Action Group, Cape Bird Club and Habitat Council.

RERA's comments were as follows:

- The report abounds with more than 90 factual errors, many of which have repeatedly been pointed out.
- The public participation process has been flawed and characterised by a lack of respect for the sentiments expressed by the public. Only those comments and corrections favouring the developer seem to have been incorporated in the report.
- The assessments contained in the tables of impacts are unscientific.
- The report (which should be scientific) contains an insidious pro-development bias or "spin". Statements are manipulated to create certain sympathies.
- The bulk of the development is to take place on pristine land on which the Red Data Book Species *Diastella* occurs. It falsely creates the impression that a map detailing the *Diastellas* (suiting the development!) had been drawn by botanist Nick Helm. Nick Helm has since placed on record that he is in fact opposed to any development on the slopes of the mountain and that the map is seriously incorrect. He has also recommended that no action be taken for a period of two years after the fire, in which a new botanical assessment of the sensitive property must take place.
- Certain vital environmental studies have not been done, making a mockery of the integrated impact assessment principle. (E.g. the drilling of bore-holes for water supply.)
- It is of concern that the matter was referred for review by an independent consultant, before the closing date for comments by interested parties. A fair review cannot take place on an incorrect report without the benefit of opposing views.

EASTER TEA: "OLD" ROOIELSERS WELCOME NEW



LONGSTANDING ROOIELSERS JONATHAN & KAY COOPER WITH MARIE & DAVID PHILLIP WHO HAVE OWNED A HOUSE HERE SINCE 1967



CHAIRPERSON, JULIA AALBERS CHATS TO RENNIE MOIR AND GRANDSON ANTON. RENNIE AND WEATHERMAN KEITH HAVE BUILT IN ANEMONE RD



NEW RESIDENT ANNE JONES FROM JO'BURG WITH JO HENSEN AND ANTHONY URBANIAK



NEW PROPERTY OWNER IAN LEWIS AND ALISTAIR HENDERSON

RERA ANNUAL GENERAL MEETING DEC 2003

At a lively AGM, debate ranged from the impact of the proposed toll road, baboon monitors to concerns about lack of facilities for Rooielsers and their visitors.

Estelle Raymond, outgoing Chairperson noted that the new Exco would need to develop strategies e.g. a private-public partnership, to provide for a community centre: "Rooielsers need a venue for community meetings that would also serve as an eco-centre to encourage and support eco-tourism in the Kogelberg Biosphere." The need for other facilities for visitors such as toilets in the CBD provoked good-humoured discussion that the local businesses need to pool resources and develop solutions together. On the long term, this was something that could be provided for with the eco-centre / community centre.

RERA has made progress with regard to the Conservancy, improvements in the CBD, the installing of speed bumps, the development of guidelines for builders and the ongoing protection of adjacent smallholdings from inappropriate development.

Baboons in the village and their increasing adeptness at entering properties for food, provoked heated discussion, ranging from 'but they were here first' to concern about the potential for violence at the interface between man and baboon. Evette Weyers asked all who were interested in the concept of baboon monitors to contact her - the idea was warmly welcomed. But a request for a show of hands from those willing to pay for this service received somewhat less acclaim!

Our grateful thanks to Hannah and Nic Augustides for the use of their home for the meeting.

"BOULE" - ROOIELS STYLE

DIARMUID BAIGRIE'S LAWN HOSTED THE ANNUAL ROOIELS BOULE ("PETANQUE". TO THE PURISTS) COMPETITION, WITH OLD AND YOUNG ROOIELSERS ENJOYING THE CHALLENGE. ANDRIES AND MADELAINE BRINK ARE YOUNG OLD ROOIELSERS. THEY HAVE BEEN COMING TO ROOIELS SINCE THEIR TEENS, AS HAVE HEIDI (RYKE) AND KEN ANDERSON. DICK AND JILL LOCKLEY BOWLED WITH PRECISION AS DID ANDRE AND DINE WAGENER, BUT THE EVENING BELONGED TO FIRST TIME BOULE PLAYERS HELEN JONES AND ALISON AYERS WHO WALKED AWAY WITH THE LIQUID TROPHY.



ANDRE WAGENER & ERNEST THOMPSON CONTEMPLATING



ROOIELSERS TOEING THE LINE



DICK LOCKLEY IN ACTION



TEAM TALK: MADELAINE & ANDRIES BRINK, HOLMER & JULIA AALBERS AND LINDA & DUNCAN HILES

SANDKASTELE

Ons bou sandkastele op 30 Desember 2003.

Die dag is windloos en die gety laag. Vanaf 10:00 begin kleuters, tieners, die bo-18's aangedrentel kom met emmertjies en grafies; ook skulpies en bamboes vir versiering. Dit begin bou: sand word gegrawe; water geskep, aangedra; handjies en hande fladder, vorm en vee, vryf en versier. Ons hoofstrand word 'n fantasie-reliëf van talle kastele omsingel van gragte, meerminne, 'n vis, 'n voël, selfs 'n karretjie en 'n hart. Evette Weyers beoordeel innoverend en elke deelnemer word 'n pryswenner! Elkeen kry ook 'n lollipop van Margaret en Jo Hensen se winkel.

Dit was lekker. Dankie aan alle deelnemers groot en klein wat bygedra het tot hierdie dag van pret in die son.

LIDA VAN DYK



TEAM SPIRIT!



VAN DER MERWE KASTEEL



BEACH BUGGY



THREE LITTLE MERMAIDS

ROTSPOELE: 'N VENSTER OP DIE OSEAAN

Mens hoef nie met 'n duikpak die koue waters te trotseer om die see te ontdek nie. Jy kan tjoepstil langs 'n rotspoelletjie sit en kyk na die dramas wat hom in die klein wêreldjie afspeel.

Neem nou maar die pragtige blomagtige anemone wat ander poelbewoners sal vang, verlam en insluk. Hulle pomp telkens hulle lywe op met water om te funksioneer.

Seekastaiings (*sea urchins*) met hulle stekels bied skuilplek vir die perlemoen larwes. Op sy beurt verberg die seekastaiing homselfs soms deur klein klippies en skulpies in sy stekels vas te hou. Maar as 'n kreef op die toneel verskyn verslind hy gou die seekastaiing, wat saam met mossels onder sy gunsteling kos tel.

As jy 'n ruk stilstaan in 'n poel sal jy dalk voel hoe een van die nuuskierigstes van die see jou betas met 'n tentakel; 'n seekat - een van die beste toneelspelers in die see. Hy kan sy kleur blitsig verander en sal homself ook in die vorm van 'n seebamboes, rooiaas of selfs 'n klipkous voorstel. Seekatte het oë wat baie soos ons eie is. Verder is hulle net so intelligent soos ons honde en leer maklik nuwe dinge aan. Hulle smulkos is natuurlik kreef. Kyk net hoe spat die krewes onder die rotse uit as 'n seekat daar inloer!

Die argitektuur van die kreature wat 6 uur onder die koue, soms stormagtige water leef en dan weer vir 6 ure aan felle sonlig blootgestel is, is ewe interessant. Neem nou maar die eenvoudige perdevoetjie (*limpet*) of klipkous met sy spitsdak huisie wat riffels op het om die sonstrale terug te kaats. Probeer hom kaalhand loswikkell en jy vind uit hoe stewig hy op die rots vassit.

Daar is verskeie soorte perdevoetjies met baie interessante lewensstyle. Party kweek 'n hele tuintjie alge om hulle wat hulle gedurig korter eet sodat hulle kan aanhou groei. Hul tonge is byna 2 maal so lank soos hul lywe en is 'n skerp vyl waarmee hul plantmateriaal van die rotse af vyl.

Hulle verdedig hulle areas en sal indringers, soos kussing-sterre, wegstoei. Een vyand wat hulle nie kan wegstoei nie, is egter die mens. Die perdevoetjies begin nou die onderspit delf. Tans word baie van hulle uitgehaal om as kreef-aas te dien vir die kreeftrekkers. Die perdevoetjie doen haar bes om te oorleef en produseer 6 miljoen eiertjies in haar leeftyd, maar hieruit sal net TWEE so groot soos syself word. Die res word opgeet.

Daar is nog vele ander poelbewoners, soos krappe en die wulke met hulle toringskulpe. Hulle is die hienas en leeus van die poele en vreet al die karkasse op of val self ander skulpe aan en boor gate deur hulle doppe om by die vleis uit te kom en gooi soms salpetersuur in om die vleis op te los.

Europeers wat onlangs op Pringle was, was absoluut verbaas oor die hoeveelheid lewe in ons poele want dis al lankal uitgeroei in dele van Europa. Gaan loop op die Strand se rotse (en dele van Kleinmond) en jy sal sien dat dit al jarelank 'n maanlandskap geword het. Al die poele is kaal gestroop en lewe kom nie maklik terug nie.

Ons het waarlik nog 'n paradys hier en elkeen kan help om dit aan te hou laat floreer: Bly by voorgeskrewe kwotas. Moennie seesterre of lewende goed uit die poele haal nie. Lig ander in wat met messe groot areas mossels afskraap van die rotse of knersend oor mosselbanke loop.

Ek dink as landbewoners is ons gewoon aan hoe vinnig 'n bees, hoender of skaap groei en beseft nie hoe stadig seelewe groei nie. Ons moet katvoet loop in hierdie ander wereld van die see want uit onverskillige onkunde kan ons 'n baie sensitiewe balans vertrap. As jy 'n knewel van 'n kreef vang kan hy 30 jaar oud wees en daardie groot perlemoen het waarskynlik 20 jaar gevat om so groot te word. Mens wil jou hoed afhaal en dagsê vir die veterane wat so lank oorleef het en die pot vrygespring het.

EVETTE WEYERS



EVETTE WEYERS VERTEL VAN DIE SEE TYDENS 'N SEEWERKSWINKEL AS DEEL VAN DIE AFGELOOPE DESEMBER VAKANSIEPROGRAM.

THE BOAT CLUB - CRAYFISH COMPETITION



DAVE SWANSON BAGGED THE BIGGEST FOUR AND WON THE CHRIS GILMOUR TROPHY



JOHN BIESMANN-SIMONS AND CREW WON THE PRIZE FOR THE BIGGEST CRAYFISH

THE BOAT CLUB COMMITTEE: BASIL MOSS (CHAIRMAN), ERNEST THOMPSON (SECRETARY), JOHANNES VISSER (TREASURER), ALBIE STALS (SAFETY) AND PIET UYS (PRO)

THE OCTOPUS - INTELLIGENCE UNDERWATER

An octopus is one of the most inquisitive sea creatures. If you see a small one under a rock, dangle your hand in the water, nearby. The octopus will extend a tentacle and touch your hand, and if you remain passive, will try to pull your hand under the rock for a closer look.

They (along with squid and other cephalopods) are considered to be the most highly evolved of the invertebrates, with advanced eyes. These are quite similar but superior to our own as they don't have a blind spot. They also have highly developed brains. And are quick learners able to distinguish between shapes, textures and colours. If you put a live crab in a bottle in the tank housing an octopus it quickly finds out how to unscrew the lid to get at the crab. They are known to figure out how to dismantle pumps in their tanks.

As adept "actors" they rapidly change shape to resemble a piece of kelp, a large limpet, a rock or anything else. They can change colour very rapidly by contracting the cells (in their skin) that contain pigment (chromatophores). They are predators who live on crabs, lobsters and small fish. When they in turn are pursued by larger predators they shoot out ink to hide themselves and mask their scent.

They are bottom dwellers and move along by pulling themselves along with their tentacles, attaching them to rock faces or they swim by means of jet propulsion.

EVETTE WEYERS

DID YOU KNOW ?

ROCK LOBSTERS ARE THOUGHT TO BE CAPABLE OF LIVING TO AGES OF 50 YEARS OR MORE.
(COASTCARE FACTSHEET SERIES)

THANK YOU TO THE BOAT CLUB FOR CONTRIBUTING TO THIS EDITION OF THE BREEZE

ENTERPRISING & INNOVATIVE NO. 38 ROOIELS ART GALLERY & LOUNGE

"An oasis to nurture us" - we fondly think that Rooiels is that to many of us. A recent overseas visitor to Rooiels found that oasis at the Jones' Fine Art Gallery, Lounge & Dining Room, and recorded her best wishes for the success of this new venture in the visitors book.

Taking the initiative, Anne Jones of erf 117 was quick to engage her daughter Christine Jones and Marie Scheffer both with Hons (Fine Art) Degrees from the University of Pretoria, to set up an attractive venue and art gallery. Engineer dad, Ernest took "the old masters" under his wing. Even "granny" Jones was enlisted to help providing recipes for the delicious cakes that accompany the coffee and tea.

Marie Scheffer notes that they are a gallery with a desire to be supportive to young (and older) artists. Already they have works from well-known local artists, Naomi van den Heever (ceramics), Edmond Gerber (chiefly wild-life artist) and Sonja de Villiers (water colours) and Harem (abstract oils).

There are many treasures in the gallery and a few gems from Rooielsers - Erna Pienaar's still life's are beautifully crafted and local landscapes by Sybil Summerson (Alison Ayers' mother) are strongly drawn. Christine's work shows talent and empathy, while Anne's are more romantic - to my novice's eye.

So when next the South Easter blows for days and cabin fever seems inevitable, pop into the other oasis in the village and return refreshed!

JULIA AALBERS



CHRISTINE JONES & MARIE SCHEFFLER

VIER ROOIELSERS WORD BOTANIESE GIDSE

Rooielsers Lida van Dyk, Debby de Vries, Hettie & Andreas Claassens het onlangs na 'n intensiewe kursus van 5 maande as vrywillige toergidse vir die Harold Porter Botaniese Tuin gekwalifiseer.

Kontak een van hulle gerus as u gaste het of dalk net meer wil leer van die geskiedenis van die Harold Porter tuin, die geomorfologie van die area, plantsisteme, plantidentifisering of die medisinale gebruike van ons fynbosplante.

LIDA: 028-273 8444
HETTIE: 028-273 8472
DEBBY: 028-273 8037
ANDREAS: 082 787 5714



HETTIE CLAASSENS & DEBBY DE VRIES NEEM ROOIELSERS EN HUL BESOEKERS OP 'N BEGELEIDE TOER VAN HAROLD PORTER AS DEEL VAN DIE REBV VAKANSIEPROGRAM. SORS VAN REENEN IN VOORGROND.

THE POWER OF APPRECIATION

IN THE PREVIOUS EDITION OF 'THE BREEZE' WE ASKED FOR YOUR INPUT AS TO WHAT IT IS THAT YOU VALUE MOST ABOUT ROOI ELS. HERE ARE THE RESPONSES OF 4 WOMEN:

TINEKE HONIG

What do you value most about Rooi Els?

The rural atmosphere.

What do you want Rooi Els to be like in 15 years' time?

Hopefully, not too many more houses and no subdivision.

What can you do to achieve this?

Stick to the Rooi Els values myself.

What else can the community of Rooi Els do?

Contribute financially to the baboon monitoring programme.



RUTH MATTISON

What do you value most about Rooi Els?

It feels like a sacred place. It is here that we have the opportunity to learn how to live in harmony with nature in the 21st century.

What do you want Rooi Els to be like in 15 years' time?

A place where people can come & see & learn & experience a balanced, simple eco-friendly lifestyle. We who live here will practice living as a community that values people and the environment. We will be linked to and be part of a conservancy that protects the Kogelberg from Gordons Bay to Hermanus. Our World Heritage Site will be a pristine environment that acts as seed base for our local flora. We will be used as an example by government to help other communities achieve similar goals.

What can you do to achieve this?

Help where appropriate and encourage others to discover and share a vision that protects our natural environment. Live and practice behaviours that are eco-friendly.

What else can the community of Rooi Els do?

Work together. Educate people who come here. Establish links with other conservancies. Actively lobby local, provincial and national government.

ANEEN DIEDERICKS

Wat waardeer jy die meeste omtrent Rooiels?

Dit is so ongerep! Saans kan jy jou verbeel jy bly op 'n plaas - geen straat- of buiteligte nie en 'n hasie wat op die gras speel. Bedags bobbejane, muishondjies en Pappa & Mamma fisant met 4 kleintjies!

Hoe wil jy hê moet Rooiels lyk oor 15 jaar?

Asseblieftog, net soos dit nou is!

Wat kan jy doen om te help om dit te bereik?

Inkommers op 'n mooi manier te vra om ons dorp te waardeer en die natuur te bewaar.

Wat behoort die gemeenskap van Rooiels nog te doen?

Hou net 'n wakende oog oor ons natuurlewe om te verhoed dat ons dorp ontaard in 'n besige dorp soos Kleinmond of Hermanus. Die rus en stilte hier kry jy nerens anders op aarde nie. 'Sal ook eendag vir ons kleinkinders wil wys hoe lyk 'n perlemoen of kreef (nie net prente en ou skulpe nie).

HETTIE CLAASSENS

Wat waardeer jy die meeste omtrent Rooiels?

Die landelike atmosfeer en die behoud van die ongereptheid van die natuur - geen onderverdeling, behoud van fynbos op erwe, ens.

Hoe wil jy hê moet Rooiels lyk oor 15 jaar?

Soos dit vandag lyk, met herstel van beskadigde dele.

Wat kan jy doen om te help om dit te bereik?

Beplan en ontwikkel die fynbostuine by die ingang. Help met uitroei van indringerplante.

Wat behoort die gemeenskap van Rooiels nog te doen?

Saam te staan om die visie 'n werklikheid te maak.



"WE COULD BE THE STORY OF HOW A SMALL COMMUNITY LIVES IN AN ECOLOGICALLY BALANCED WAY TO THE BENEFIT OF ALL - NOT JUST FOR OUR TIME BUT FOR THE LIVES OF OUR CHILDREN, GRANDCHILDREN AND GREAT GRANDCHILDREN."

ROOI ELS AUTUMN

TODAY

HERE

THE WIND HAS GONE

THE TIDE IS OUT

THE SEA IS FLAT

THE MOUNTAINS ARE BLUE,

TWO DOLPHINS IN THE BAY

TWO DOLPHINS AT PLAY.

SEAGULLS SIT THE BEACH

TERNS TURN AND TURN

CORMORANTS HANG THEIR
WINGS

MIGGIES CREEP UP MY NOSE.

TODAY

HERE

THE SAND IS COLD

THE SUN IS WARM

THE ROCK IS HARD

THE KELP SMELLS.

NOWHERE A CLOUD

NO-ONE TO DISTURB

SO I SIT AND SIT.

E.D.G.

GUESTHOUSE MEMOIRS

WHAT DOES A NATIVE
AMERICAN "INDIAN" AND
THE IRISH REPUBLICAN
ARMY HAVE IN COMMON?

ANSWER: ROOIELS OF
COURSE!

PIERRE & ENETH REMINISCE
ABOUT SOME OF THEIR
INTERESTING GUESTS WHEN
RUNNING A B&B IN ROOIELS.



THERE'S A (RED) INDIAN ON MY STOEP!

It happened the day after Christmas. Late afternoon, just as you start thinking about that cool, quiet moment of contemplation after the heat of the day, a motorcycle pulled up in front of the house. "Guests!" shouted my husband to alert me that a guest was arriving for the night. Moments later a tall, athletic, confident man strided into the house. With a red face. Very red.

As it turned out, Dr Gregory Frazier was from Yellowtail, Montana, touring South Africa, soaking up indigenous culture and comparing social issues here with the experiences of his own Sioux people. And the redness was the harsh African sun that added to his cultural features. I felt quite sorry for the bloke.

And envied his long silky-straight black hair that reached halfway down his back.

What an amazing evening we spent on our stoep overlooking the cooling peace of False Bay... sharing thoughts, fears, hopes, frustrations, and a bit of heartache too.

As he departed the next morning there was the metal of hope and mutual understanding that strengthened our handshake, and linked continents.

IERLAND

Snaaks hoe mens stereotipeer. Ons gaste uit Ierland is twee stil maar trotse mense en Pierre en die man staan tot die vroeë oggendure en gesels... kyk albei vir lang tye stil oor die sterlig-baai uit. Na hulle vertrek vertel manlief my dat die paartjie albei aan die IRL behoort. Dadelik spring mens se kop: bomme, barrikades, bloed...

"Is hulle in aktiewe diens," vra ek.

"Nee, maar ingeskrewe lede. Hulle reken geweld is nie nodig nie. Joe sê vir my hulle gaan eenvoudig oor die generasies heen die Engelse 'outbreed'!"

PIERRE & ENETH KRUGER

LIFE WITH TOBY

SMALL BLACK OYSTERCATCHER

HATCHED: 20 DECEMBER 2003

BROUGHT INTO A HOUSE ON THE EDGE OF MAASBAAI
ON 23 DECEMBER BY A DOMESTIC CAT.

The fluffy little chick was bemused but unharmed. If the Standers had looked for his parents the birds would have accepted him back. Unfortunately no one could contact Sara just at that moment to ask for that advice, so he ended up with Cathy in Somerset West who fed him on frozen mussels.



When Sara was able to contact Cathy they agreed that he would have a better chance on our balcony in sight of the rocks at low tide, with the sound of the sea and the South Easter ringing in his ears. All the mussels, limpets and worms that he needs are right there in our Marine Reserve. So with Craig's (Nature Conservation) blessing we fetched the 30% of his body weight in seafood that he required every day.

Sara created a complete beach on the balcony sand base, shallow seawater filled wading pools, kelp, shells and stones. The kelp came up complete with Sand fleas (isopods) which the little chicks love. The labour of love that Sara has put into this includes opening a dozen mussels a day, cutting up the limpets when he was small and breaking open the polychaete worm corals for what has become his favourite food.

